# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

**TIK**

**SG**

**Tweede Vraestel**

TIK SG: Vraestel 2

**408-2/2A**

408 2 2A SG

17 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

TIK SG
(Tweede Vraestel)

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE:**

LEES DIE ONDERSTAANDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR VOORDAT JY MET DIE VRAESTEL BEGIN.

- Tik jou eksamennommer bo-aan elke vel wat jy vir jou antwoorde gebruik.
- Begin elke vraag op 'n afsonderlike vel papier.
- Rangskik jou antwoorde in die korrekte numeriese volgorde in die eksamenomslag.
- Indien jy die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets in Afrikaans beantwoord, moet jy Vraag 2, 3, 4, 5, 6, 7 en 8 ook in Afrikaans beantwoord.
- Gaan asseblief jou getikte antwoorde noukeurig na.
- Die opsieners sal jou inlig in verband met Vraag 1.
- Voltooi eers Vraag 1 en dien dit in voordat jy met die ander vrae begin.

**INSTRUKSIES AAN OPSIENERS:**

1. Voorsien elke kandidaat van agtien velle A4-papier (80g) in die eksamenomslag voor die aanvang van die eksamen.
2. Die tikopvoeder moet verseker dat alle tikmasjiene in goeie werkende toestand is.
3. Geen kool- of korrigeerlint mag tydens die eksamen gebruik word nie.
4. Dit is noodsaaklik dat 'n tikopvoeder vir die duur van die eksamen een van die opsieners in die tiklokaal moet wees om hulp te verleen indien 'n tikmasjien onklaar sou raak.
5. Kandidate moet ten minste 15 minute voor die aanvang van die eksamen aanmeld.
6. Kandidate moet toegelaat word om eers vir ongeveer 10 minute deur die vraestel te lees voordat hulle met Vraag 1 begin. Hulle mag lyne trek en woorde onderstreep.
7. Beide opsieners moet in besit wees van 'n stophorlosie. Die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets moet deur die tikopvoeder waargeneem word. Opsieners mag nie gedurende die afneem van hierdie toets tussen die kandidate rondbeweeg nie.
8. 8.1 Alvorens kandidate met die vraestel begin, moet hulle opdrag gegee word om hulle eksamennommers bo in die REGTERHOEK van die papier wat vir die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets gebruik gaan word, te tik. Nadat al die kandidate hierdie instruksie uitgevoer het, word die teken gegee om met die toets te begin.
   8.2 Sodra die toegestane tyd vir die noukeurigheidstoets verstreke is, moet die opsiener al die toetse opneem en sy/haar voorletter na die LAASTE GETIKTE WOORD OP ELKE BLADSY PLAAS. Al die bladsye wat 'n kandidaat gebruik het om Vraag 1 te beantwoord moet aanmekaar vasgekram word. SLEGS VRAAG 1 SE ANTWOORDBLADSYE WORD AANMEKAAR VASGEKRAM.
   8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die opsiener om elke kandidaat se vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets na afloop van die eksamen in die korrekte individuele eksamenomslag te plaas.
9. Tydens die afneem van die res van die vraestel moet beweging tussen die kandidate beperk word tot die uitreiking van addisionele papier, probleme met tikmasjiene, ensovoorts.

## VRAAG 1

## TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS [60]

Die tydnoukeurigheidstoets moet in dubbel- of 1½-reëlafstand op slegs een kant van die bladsy getik word. Gebruik kantruimtes van 10°. 'n Minimum van 35 w.p.m. word verwag en die grense word deur (...) aangedui.

**TYD: 10 minute**

Wat begin het as ŉ eenvoudige ruiltransaksie tussen twee of meer persone, byvoorbeeld die ruil van velle vir voedsel of skoene vir hoede, het oor die jare in ŉ uitgebreide proses ontwikkel. Met hierdie proses word die produkte en dienste van ŉ gemeenskap aan sy lede (dit is, verbruikers sowel as ondernemings) oorgedra om hulle behoeftes en voorkeure, en doelwitte te bevredig.

Fasette uit hierdie proses neem ons elke dag waar. Neem byvoorbeeld ŉ besoek aan ŉ supermark. Uit duisende produkte word enkeles gekies waaraan ons ŉ behoefte het en wat ons kan bekostig. Ons besoek ŉ restaurant, ŉ teater ŉ museum en ŉ kerk. Ons gebruik die dienste van ŉ bank, geneesheer, munisipaliteit, reisagent, effektemakelaar en invoeragent. Elk van hierdie alledaagse gebeurtenisse gee ŉ aanduiding van en lewer ŉ bydrae tot die lewenstandaard wat ons handhaaf. Die proses wat hierdie produkte en dienste ontwikkel en aan verbruikers oordra, word bemarking genoem.

Verbruikers verskaf produksiefaktore soos grondstowwe, arbeid, kapitaal en kundigheid aan ondernemings en ontvang ŉ inkomste in ruil daarvoor. ŉ Deel van die inkomste word op sy beurt aan produkte en dienste bestee wat vanaf die ondernemings na die verbruikers oorgedra word. Bemarking moet sorg vir die doeltreffende oordra van hierdie produkte en dienste.

Ondernemings win inligting in oor verbruikersbehoeftes en -voorkeure en kommunikeer op hul beurt inligting oor hulle produkte en dienste aan die verbruikers. Dit is die taak van bemarking om die oordra van hierdie produkte en dienste in so 'n mate te rig dat dit tot die grootste moontlike behoeftebevrediging van .................................. 35 w.p.m.
die gemeenskap in die algemeen lei. 'n Vername stukrag in dié opsig by winssoekende ondernemings, soos 'n supermark of 'n bank, is hulle rentabiliteitstrewe en by nie-winssoekende ondernemings, soos 'n museum of 'n staatsdepartement, is hulle ............................................... 40 w.p.m.
doeltreffendheidstrewe.

Die markmeganisme is die middel waarvolgens die toedeling van die skaars produksiefaktore aan die ondernemings geskied, gegewe die verbruikersvraag na die produkte en dienste. Die verbruikersvraag via die markmeganisme ...... 45 w.p.m.
lei dus tot produksiebesluite wat op hul beurt tot die benutting van die produksiefaktore lei. Die verbruikers koop op hulle beurt die produkte en dienste omdat hulle glo dit beskik oor die vermoë om hulle behoeftes en voorkeure te ........................................ 50 w.p.m.
bevredig. Sou verbruikers mededingende produkte en dienste teen laer pryse kan koop, vanweë moontlik laer produksie- en/of bemarkingskoste, sal hulle dit waarskynlik doen. Die waarde van mededingende ondernemings word hiermee geïllustreer ....................................... 55 w.p.m.

## VRAAG 2

Gebruik EEN vel A4-papier (LANDSKAP) om die tabel te tik. Alle vertikale lyne moet in ink getrek word of met die tikmasjien getik word.

TYD: 20 minute **[30]**

Kantoorbestuur & Tegnologie

| Jaar | Getal studente | | | | | | Koste per student |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal inskrywings | Diploma | | | Proefonderrig | Herhalers | |
| | Voltydse studies | Gegradueer | | | | | |
| | | Manlik | Vroulik | Deeltyds | | | |
| | % | % | % | % | % | % | R'000 |
| 2001 | 60 | 25 | 75 | 15 | 95 | 10 | 6 500 |
| 2002 | 55 | 20 | 80 | 10 | 98 | 8 | 7 000 |
| 2003 | 50 | 15 | 85 | 8 | 97 | 6 | 7 500 |
| 2004 | 45 | 10 | 90 | 5 | 99 | 4 | 8 000 |
| Totaal | Nie van toepassing nie | | | | | | ~~29 000~~ 21 000 |

1 Gemiddelde jaar is 20
2 Gemiddelde jaar is 18
3 Gemiddelde jaar is 25

**VRAAG 3**

Tik die onderstaande tabel op een vel A4-papier (LANDSKAP). Horisontale lyne moet met die tikmasjien getik word. Alle vertikale lyne moet in ink getrek word of met die tikmasjien getik word.

TYD: 15 minute **[20]**

Verkorte balansstaat van aandeelhouersfonds - billike waarde

| | Notas | Junie ongeouditeerd 2004 R miljoen | 2003 R miljoen |
|---|---|---|---|
| Bates | | 103 | 134 |
| Vaste bates | | 369 | 333 |
| sp/ Eienaar-geokkupeerde eiendomne | | 353 | – |
| Klandisiewaarde | | 5 664 | 5 471 |
| Beleggings | | 8 867 | 6 362 |
| Sanlam-besighede | 7 | 2 613 | 1 817 |
| Beleggingsbestuur | | 6 254 | 4 545 |
| laste en Ekwiteit | | 298 | – |
| Aandeelhouersfonds | | 6 815 | 5 164 |
| Termynfinansiering | | 2 388 | 4 696 |
| Uitgestelde belasting | | 505 | 5 |
| Bedryfslaste | | 6 142 | 4 434 |
| Totale ekwiteit en laste | | 150 | 29 793 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | | 875 | 787 |

**VRAAG 4**

Gebruik die briefhoof en tik die OMSENDBRIEF korrek. Slegs TWEE briefhoofde word aan elke kandidaat voorsien.

TYD: 30 minute **[50]**

Omsendbrief 2006/32 ADC /del

Datum: 5 September 2006

Navrae: Prof JLP Maseko

Aan: Alle Personeel

Aansoeke om die volgende vakante pos word tot 14

b.k. Februarie 2007 ~~ingewag~~ /del

[Die ~~Universiteit van Johannesburg~~ UJB is daartoe verbind om /del

benewens meriete, kwalifikasies, ervaring en bewese

prestasies, / potensiaal van individue of groepe wat

histories benadeel is by aanstellings in ag te neem. /del

b.k. [Departement griekse & latynse studies /voluit /h;

Deeltydse Departementele Sekretaresse;

Permanente aanstelling

1. Posbeskrywing /del

*1.1 Algemene sekretariële pligte, vergaderingsadministrasie en kantoor- en finansiële administrasie.

*1.2 Om die funksionering doeltreffende van die kantoor /trs te fasiliteer.

*1.3 Reël van kongresse en buitekurrikulêre kursusse.

*1.4 Bestuur en skedulering van ~~akademiese~~ assistente. /stet

2. Vereistes /del

*2.1 Graad 12.

*2.2 Kantooradministrasie of Sekretariële Sertifikaat/Diploma.

*2.3 Minstens drie jaar relevante ervaring.

* 2.4 Taalvaardigheid in beide Afrikaans en Engels.
* 2.5 Rekenaarvaardigheid (MS Office, Excel, Internet Explorer, e-pos en FrontPage).
* 2.6 Goeie interpersoonlike en interkulturele bekwaamheid.
* 2.7 Die vermoë om te floreer onder druk.
* 2.8 Goeie bekwaamheid in organisasie en administrasie.

3. Aanbevelings

* 3.1 Kennis en ervaring van 'n akademiese departement
* 3.2 Die vermoë om klassieke en moderne grieks te lees en te tik. /h.k.
* 3.3 WebCT.

Diensaanvaarding:
* So gou moontlik /del

Navrae:
Mededingende byvoordele is beskikbaar.
Alle administrasie met betrekking tot die vulling van nie-akademiese poste word deur Puso in Werwingsagentskap hanteer, wat ontvangserkenning, skedulering van aansoeke asook die Kommunikasie aan onsuksesvolle kandidate insluit.
Stuur asseblief 'n volledige CV (waarin onder andere ook melding gemaak word van u huidige salariskerf en verhogingsdatum en minstens 3 referente met betrokke telefoonnommers) aan die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne, Eredp. /voluit /h.k. /#
Meld asseblief duidelik die pos waarvoor u aansoek doen.
Die ~~Universiteit~~ UJB aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansoeke wat nie aan dié vereiste voldoen nie. /del

(Get.) S Mogwara
Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne

Tikster
Vervang * met nommers b.v. 1.1

**VRAAG 5**

Tik die onderstaande notule van 'n aandeelhouersvergadering.

TYD: 30 minute **[40]**

Notule van 'n spesiale vergadering van/Nedbank
Gholfuitdaging gehou op Maandag, 5 Maart 2006 om 18:00 in /del
die Komiteekamer, Bgreen 15, Auckland Park. /b.k.

1. Verwelkoming
Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

2. Notule van vorige vergadering
Die notule van die vorige vergadering word gelees
en as korrek aanvaar.

3. Beplanning

3.1 Vir die mense
Sandile Sayedwa, projekbestuurder van Die Sporttrust, is
onlangs by Hartwick College in New York se tuiskoms- en
voluit/ reüniefeesviering in die VSA uitmuntende Alumnus vir
del/ 2005 benoem. Hierdie toekenning is ter erkenning van sy
gemeenskapswerk in Suid-Afrika.
Sedert sy aanstelling as projekbestuurder vir Die /del
Sporttrust in 1999 het Sayedwa dosyne dorpsgebiede en
gemeenskappe besoek en trokke vol sport-toerusting daar
afgelewer.

3.2 Boksgeriewe bring blydskap
del/ Daar is talle ~~aanhalings in~~ die/Dube-boksklub in Soweto/ muure van die
stet/ (geskenke op) bygedra ~~deur~~ die jong vegters wat daagliks daar oefen. /del
Dit is hierdie soort toewyding wat die aandag getrek het
van Die Sporttrust, wat 'n kryt van internasionale gehalte,
handskoene en ander toerusting aan die klub geskenk het.

In Julie 2003 het 40 Nedbank-kliënte Dube besoek en vir Baby Jake - wat in 1972 op die ouderdom van 10 jaar hier begin boks het - ontmoet. del

3.3 Tennis seëvier lc alweer

~~Tieners~~ wat tot vier jaar gelede nog nooit 'n tennis-raket vasgehou het nie, word nou na verdienste vir die Gauteng-Noord-span verkies. Hulle het 'n tekort aan tennisballe. stet

Dit is die sukses van die Irene-tennisontwikkelingsprogram aan wie Die Sporttrust tennisrakette, -balle en -klere geskenk het. del

3.4 'n Eenmalige Kans

2 en veertig jong sokker- en rugbyspelers is die geleentheid gegun om hul sportpotensiaal ten volle te ontwikkel deurdat hulle gekies is om, danksy 'n R2 miljoen-skenking ~~deur~~ (vanv) Die Sporttrust, 'n sportakademie in die Vrystaat by te woon. voluit stet

4. Sluiting

Die vergadering eindig om 19:30.

VOORSITTER
SEKRETARISE → 45°
Vandag se datum

hp

## VRAAG 6

Tik die eerste bladsy van die HUURKONTRAK op A4-papier.

TYD: 20 minute **[30]**

Huurkontrak van onroerende eiendom

(Huis/Woonstel/Meenthuis)

Memorandum van ooreenkoms aangegaan deur en tussen: /b.k.

Master Blaster en Case Plastics

(Hierna die Verhuurder genoem) /b.k.

van Posbus 345 789, Bramley, 2091

en

Vanessa Ryan, (Identiteitsnommer: 590829 151 054), ⋏ o

(Hierna die Huurder genoem) /b.k.

van Smithstraat 14, Roodepoort, ~~200+~~ 1720 del/

Die Verhuurder verhuur hiermee aan die Huurder wat /b.k.

hiermee huur:

1. Huurperseel 1.1 Huis nommer 5 in die gebou geleë te Walkerweg 3, Benoni in die dorpsgebied van Benoni.

2. Huurgeld 2.1 die huurgeld bedra R2 000 /bk (tweeduisend rand) per maand en is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die ⋏ dag van elke ⋏derde Kalendermaand te Walkerweg 3, Benoni, of sodanige ander adres as wat die Verhuurder mag bepaal. 2.2

b.k./ Die huurgeld is onderworpe aan 'n verhoging van 10 % (tien persent) per jaar van die eerste dag van Januarie van elke jaar. del/

3. Huurtermyn 3.1 Die huurkontrak word vir 'n termyn van 12 (twaalf) Kalendermaande gesluit en die

termyn begin op die eerste dag van Januarie 2006 en dit verstryk teen middernag op die 31 dag van Desember 2006.

As getuies

1. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Huurder

2. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Verhuurder

## VRAAG 7

Tik die onderstaande verslag en gebruik die korrekte uiteensetting.

TYD: 30 minute **[40]**

Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika

As mens terugkyk, was die jaar 2000 (5) 'n moeilike jaar vir Suid-Afrika. Dit is regdeur die ekonomie weerspieël. /del

Die daling in die verbruikersvertroue-indeks, wat op een tydstip met 'n massiewe 8 punte gedaal het tot 'n sewejaar laagtepunt, was een van die aanwysers. /voluit

Vooruitsigte vir die rand teenoor die dollar het teleurstellend gelyk, veral toe die rand tot sy negende rekordlaagtepunt gedaal het. 'n Opname onder ekonome deur Reuters het getoon dat verwagtinge vir groei verswak het. Die hoop dat die rentekoers verminder kan word, is vervaag deur die vrystelling van produksie inflasiesyfers, wat aansienlik hoër was as wat verwag is. /ke /del

Suid-Afrika ly steeds aan die heersende neiging van toenemende emigrasie, wat gekenmerk word deur 'n bestendige uitvloei van mense en 'n dalende aantal nuwe immigrante.

Groei in ledetal en prestasie van produkte

Ten spyte van swak sosio-ekonomiese tendense, het die Vereniging steeds bestendige groei in die ledetal getoon, wat van 20 600 gewone lede 1979 tot 114 800 gewone lede aan die einde van 2000 (5) toegeneem het. ten opsigte van die retensie van Gewone lede is 'n bestendige toename /stet /k in /del b.k./

ondervind, van 74% in 1988 tot 'n ~~fenomende~~ fenomenaal hoë 96% in 2000. |stet
~~2000~~ 2005. ~~Hierdie retensie van 96% in 2000 toon dat van al die nuwe gewone lede, wat sedert die begin van 2000 by PPS aangesluit het, 96% nog aan die einde van 2000 lede was.~~ |del

Voordele

PPS se hoofvoordele wat bestaan uit siektegeld, voordele vir gedeeltelike en totale permanente ongeskiktheid en uittreevoordele, het R225.4-m gedurende die jaar beloop. Die totale voordele gedurende die jaar vir al die Vereniging se skemas, wat deur die hoofvoordele, groeplewensskema en uittree-annuiteit verteenwoordig word, het R766.1-m of R2.1-m per dag beloop.

Vergelykende syfers

Waar nodig is syfers van vorige jare aangepas om te voldoen aan veranderinge ten opsigte van die lopende jaar se aanbieding. |trs

Raad

Ingevolge die Vereniging se bestaande reëls sal die volgende Raadslede beurtelings uittree tydens die algemene jaarvergadering. Ons kondig met genoeë aan, dat Dr A Koller en Dr F van Duuren verkiesbaar is en hulleself herverkiesbaar stel vir 'n termyn van die jaar, wat tydens die Vereniging se Algemene Jaarvergadering in ~~2004~~ 2007 sal verstryk. |b.k |del

Op las van die Raad

~~Mnr~~ J D Wright |del

Besturende Direkteur

## VRAAG 8

Tik die volgende testament.

TYD: 20 minute **[30]**

Testament van Mpho Chauke en Tumi Chauke

~~Getroud of ongetroud~~ / del

~~Aan wie dit mag aangaan~~ / del

Ons, die ondergetekende, van Buntingweg 45, her roep /
hiermee alle vorige testamentêre beskikkinge en verklaar
dat dit ons laaste wil en testament is. / b.k.

1. Hiermee verklaar, nomineer en benoem ons Zandile / tr
Zwane as die enigste en algemene erfgenaam van ons
boedel, roerend of onroerende goedere, hetsy in besit, / ,
terugkerend, in oorskot of in afwagting, niks
uitgesonder nie.
2. Ons benoem ~~verder~~ Palesa Mtembu as Eksekuteur van / del
hierdie testament, en verleen aan haar alle mag en
outoriteit, vernaamlik die van assumpsie, deur die wet
toegelaat.
3. Ons versoek verder die Meester van / Hooggeregshof
om die genoemde Eksekuteur vry te stel van
sekuriteit vir die administrasie van ons boedel.

Gedateer te Gauteng hierdie 14 dag van ~~September~~ in die / stet
jaar van 2004 (5). / Christus, / del

Geteken en erken as ons laaste Wil en Testament in die
teenwoordigheid van ons, die ondergetekende Getuies,
synde terselfdertyd teenwoordig, en in ons teenwoordigheid / #
hul handtekeninge hieronder geplaas het.

Maak voorsiening vir handtekeninge van Getuie, Testateur en Testatrise.

EINDE

# *UJB UJB UJB*

Tel: (011) 967-6543
Faks: (011) 967-6000

Posbus 45
SANDTON
2091

# *UJB UJB UJB*

Tel: (011) 967-6543
Faks: (011) 967-6000

Posbus 45
SANDTON
2091

---